Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 5

16 Februarie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

ATLETE WAT DEURGEDRING HET NA METRO-ATLETIEKBYEENKOMS
Hartlik geluk aan die onderstaande atlete wat Laerskool Newtonpark by die Metro-atletiekbyeenkoms op 17 Februarie by die Oval gaan verteenwoordig:

Naam en Van	Ouderdomsgroep
Robin Klinck	0/10
Denelle Wolmarans	0/10
Valdimar Freitag	0/10
Inge Jukel	0/11
Iané Jukel	0/11
Ruzaan de Goede	0/11
Mikayla Warricker	0/11
Roelof Campher	0/11
Riano Botha	0/11
Miané Taylor	0/12
Stefan Hart	0/12
Chene Koekemoer	0/13
Emma Cloete	0/13
Billy Daniels	0/13
Fourie le Grange	0/13
JC Nortman	0/13

Baie sterkte aan elke atleet wat gaan deelneem. Ons weet julle sal slegs jul beste lewer en Laerskool Newtonpark se naam hoog hou!

NUUSBRIEWE
Ek is baie teleurgesteld in hoe min van ons ouers die D6 kommunikasiestelsel gebruik! Ons doen werklik baie moeite om alle ouers ingelig te hou oor al die bedrywighede van die skool. Die hoeveelheid oproepe wat die sekretaresses per dag hanteer oor inligting wat op D6 verskyn, of wat aan ouers per sms gestuur is, is skrikwekkend. Ek wil u weer vriendelik versoek om gereeld die D6 platform te besoek en om die nuusbrief deeglik te bestudeer sodat alle belangrike datums en inligting aangeteken kan word.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING
U het **Dinsdag, 13 Februarie 2024,** die kennisgewing van die beheerliggaamverkiesing wat **Donderdag, 7 Maart 2024, van 06:30 tot 16:00 in die skoolsaal plaasvind,** ontvang**.** Nominasievorms sal by die kantoor vanaf **Maandag, 19 Februarie 2024,** beskikbaar wees. Vooraf nominasies sluit dan weer **Donderdag 29 Februarie 2024 om 15:00**.

Ons wil alle ouers aanmoedig om dié belangrike verkiesing van 7 Maart 2024 in die skoolsaal by te woon.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met ‘n kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet asseblief vir my wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

TENNISBAANSLEUTELS
Indien ouers met hul kinders na ure en op Saterdae wil oefen kan hulle ‘n tennisbaansleutel teen R250 vir die jaar by die skool aankoop. **Indien jy reeds ‘n sleutel het, kan jy vir ‘n bedrag van R200 jou ou sleutel vir ‘n nuwe een by die skool kom omruil.** Daar is sekere reëls wat nagekom moet word indien u ‘n sleutel koop. Ons gaan die slotte op Maandag, 4 Maart 2024, vervang.

AFWESIGHEDE EN WERK NIE INGEGEE NIE:
Waar ‘n leerder afwesig was, of ‘n leerder weens ‘n ander rede nie sy of haar werk betyds kon ingee nie, moet die ouer(s) die leerder se onderwyser skriftelik dienooreenkomstig in kennis stel.

Die skoolbeleid is as volg:
a) werkopdrag een dag laat: -30% en ‘n inskrywing op die kommunikasiekaart
b) werkopdrag twee of meer dae laat: 0 en ‘n inskrywing op die kommunikasiekaart

Enige leerder wat afwesig is tydens ‘n toets of eksamen wat op die toets- of eksamenrooster van die skool aangedui is, moet ‘n doktersertifikaat indien. Leerders wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, sal nul vir die spesifieke toets of eksamen kry.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

EKSTRA WEEKLIKSE KRIEKET OEFENSESSIES OP MAANDAE
Daar sal Maandagmiddae, gratis ekstra krieket oefensessies vir die 0/11 krieketspelers onder leiding van Mnr. Lance Impey by die sportgronde van **17:00 – 18:00** plaasvind. Indien u belangstel kan u direk met Mnr. Impey op 0825779099 kontak maak.

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOL
Ons wil alle ouers vriendelik versoek om u kinders betyds by die skool af te haal. Die skool kom tans om 14:15 uit en leerlinge wat nie aan aktiwiteite by die skool deelneem nie, moet so spoedig moontlik afgehaal word. Ons het tans 'n probleem met kinders wat tussen die nasorgkinders is en dan elke keer gesoek moet word. Alle kinders wat nie betyds afgehaal word nie, moet vir hul eie veiligheid op die stoep by die graad 1-klasse wag. Die gedeelte is onder kameradekking en ons kan dan enige voorvalle na skool monitor, want daar is nie toesig vir die kinders nie. Inien u nie u kinders betyds kan afhaal nie, moedig ons u aan om u kind in te skryf by plekke wat nasorggeriewe het.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2024 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 'n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**

TAKKODE **632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die week saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 19 Februarie	:	*** Juf. Martinette Coetzee verjaar** Klerewinkel : **07:30 tot 12:00** Krieket : 0/13B teen Summerwood C **(w)**
Di – 20 Februarie	:	*** Juf. Chane de Wet verjaar** Senior Koor : **07:25 tot 08:00** Tennis: Snr. A Seuns teen Charlo A **(w)** Tennis: Snr. B Seuns teen VP Grey **(w)** Tennis: Snr. C Seuns teen Herbert Hurd **(w)** Tennis: Jnr. A Seuns teen VP Grey **(w)** Tennis: Jnr. B Seuns teen Summerwood **(t)** Krieket : 0/9 A+B teen Herbert Hurd **(w)**
Wo – 21 Februarie	:	Junior Koor : **07:30 tot 08:00** Klerewinkel : **12:00 tot 14:30** Krieket : 0/13A teen Priory A **(w)** Krieket : 0/13B teen Adolph Schauder **(t)**
Do – 22 Februarie	:	Senior Koor : **07:25 tot 08:00** Tennis: Snr. A Meisies teen Collegiate D **(t)** Tennis: Snr. B Meisies – **Loslootjie** Tennis: Snr. C Seuns teen Sonop **(w)** Krieket : 0/11A teen Priory A **(t)** Krieket : 0/11B teen Gelvan Park A **(t)**
Vr – 23 Februarie	:	Junior Koor : **07:30 tot 08:00** Klerewinkel : **07:30 tot 12:00** **TOETS** : Engels Graad 7

SPORT EN KULTUUR

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Februarie	Senior A Seuns	Grey	LNP verloor met 10 potte
13 Februarie	Senior B Seuns	Blouwaterbaai	LNP wen met 16 potte
13 Februarie	Junior A Seuns	Hermitage House	LNP verloor met 5 potte

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Februarie	0/9A	Sunridgepark	LNP teken 19 lopies aan en verloor 4 paaltjies. Sunridgepark teken 29 lopies aan en verloor 4 paaltjies. Sunridgepark wen 7.25 teenoor 4.75
13 Februarie	0/9B	Sunridgepark	LNP teken 14 lopies aan en verloor 3 paaltjies. Sunridgepark teken 14 lopies aan en verloor 1 paaltjie. Sunridgepark wen 14 teenoor 4.6
14 Februarie	0/13A	Frans Conradie	Frans Conradie kolf hulle beurt, almal uit vir 69 lopies. LNP wen met 66 lopies. **Beste bouler:** Roelof Campher met 6 paaltjies vir 19 lopies. **Speler van die wedstryd:** Roelof Campher
15 Februarie	0/11B	Excelsior A	Excelsior kolf eerste en teken 42 lopies aan. LNP kolf tweede en teken 48 lopies in 9 boulbeurte aan en verloor geen paaltjies. LNP wen met 9 paaltjies
15 Februarie	0/11A	Handhaaf	**Tweede dag:** LNP kolf en teken 55 lopies aan, almal uit. LNP verloor met 69 lopies.